



KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT
CAPE AGULHAS MUNICIPALITY
U MASIPALA WASECAPE AGULHAS

NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING VIRTUEEL GEHOU OM 10:00 OP MAANDAG 16 NOVEMBER 2020

MINUTES OF A SPECIAL COUNCIL MEETING HELD VIRTUALLY ON MONDAY, 16 NOVEMBER 2020 AT 10:00

RAADSLEDE / COUNCILLORS

| | | |
|-----|-----------------|----------------------|
| MNR | R J BAKER | |
| MNR | G D BURGER | |
| MNR | C J JACOBS | |
| MNR | D JANTJIES | |
| ME | E C MARTHINUS | |
| MNR | J G A NIEUWOUDT | (Speaker) |
| ME | M OCTOBER | |
| ME | E L SAULS | |
| MNR | P J SWART | (Burgemeester) |
| ME | Z TONISI | (Onder-Burgemeester) |

AMPTENARE / OFFICIALS

| | |
|------------------|------------------------------------|
| Mnr E Phillips | Munisipale Bestuurder |
| Mnr H Van Biljon | Direkteur: Finansiële Dienste |
| Mnr A Jacobs | Direkteur: Infrastruktuurdienste |
| Mnr H Kröhn | Direkteur: Bestuursdienste |
| Mnr G M Moelich | Bestuurder: Administrasie |
| Me T Stone | Afdelingshoof: Strategiese Dienste |

1. **OPENING**

Die Speaker heet die teenwoordiges welkom en Raadslid Swart open met gebed.

2. **AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / APPLICATIONS FOR LEAVE**

Raadslid D J Europa

3. **VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER**

Geen.

4. ITEMS NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING

4.1 ARNISTON PRETDRAF EN "TOUCHIES"

VERSLAG OPGESTEL DEUR - DIREKTEUR: BESTUURSDIENSTE

DOEL VAN VERSLAG

Om te besluit of die Arniston prettdraf en "touchies" moet voortgaan al dan nie.

AGTERGROND

Daar was jaarliks goeie rede om voort te gaan met die toelaat van die prettdraf asook die "touchies", waarvan die belangrikste was dat dit bestuur en beheer kon word, wat met die impak van die pandemie nie meer die geval gaan wees nie.

Tydens 'n vergadering gehou op Donderdag, 5 November 2020 waar Raadslede, amptenare, ODM rampbestuur, SAPD, Struisbaai GPF en Struisbaai Buurtwag teenwoordig was, was die debat gevoer of "touchies" hierdie jaar toegelaat gaan word of nie. Die grootste oorweging vir die debat was die COVID-19 regulasies en die risiko wat die pandemie op die onderskeie gemeenskappe kan hê.

Wat die regulasies betref word die volgende voorgeskryf in artikel 69 van die Disaster Management Act:

Alert level 1 -

"Gatherings

69. (1) *Every person, when attending a gathering and in order to limit exposure to COVID-19 must -*
- (a) *wear a face mask;*
 - (b) *adhere to all health protocols;*
 - (c) *maintain a distance of least one and a half metres from each other; and*
 - (d) *adhere to any other health protocols and social distancing measures as provided for in directions issued by the relevant Cabinet member after consultation with the Cabinet member responsible for health.*
- (4) *Gatherings at social events are limited to 250 persons or less in case of an indoor gathering and 500 persons or less in case of an outdoor gathering. Provided that no more than 50 percent of the capacity of the venue is used, with persons observing a distance of least one and a half metres from each other.*
- (14) **Sport, arts and culture activities, including both professional and non-professional matches, by recognised sporting bodies, are allowed, subject to the following:**
- (a) *Directions for sports matches issued by the Cabinet member responsible for sport after consultation with the Cabinet member responsible for health;*
 - (b) *only journalists, radio, television crew, security personnel, emergency medical services, and the necessary employees employed by the owners of the venue of the sport match, are allowed at the venue of the sport match;*
 - (c) *only the required number of players, match officials, support staff and medical crew required for the sport match, are allowed at the venue of the sport match;*
 - (d) *no spectators are allowed at the venue of the sports match; and*
 - (e) ***international sport, arts and culture events involving countries with a low or medium COVID-19 infection and transmission rate are allowed.***

Net die persone soos in artikel 14 (b) en (c) mag by sportbyeenkomste toegelaat word. Soos onder artikel 14 (d) vermeld mag geen toeskouers toegelaat word nie.

Behalwe die getalle wat 'n probleem mag wees, is dit byna onmoontlik om die vereistes in terme van die regulasies tydens so 'n sportbyeenkoms te bestuur. Die risiko van verspreiding van die virus en die potensiële gevaar van massa infeksies in ons eie area, en ook die verspreiding kan katastrofiese gevolge tot gevolg hê.

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat "touchies" en die Waenhuiskrans pret-draf nie vanjaar toegelaat word nie weens die groot potensiële impak wat die virus op verskeie gemeenskappe gaan hê asook dat dit basies onmoontlik is om die byeenkomste te bestuur binne die vereistes van die wetgewing van toepassing.
- (ii) Dat die kommunikasie afdeling 'n kommunikasie strategie opstel om te verseker dat die gemeenskappe ingelig word dat "touchies" en die Waenhuiskrans pret-draf nie vanjaar gaan plaasvind nie.

BESLUIT 189/2020

Dat die bestuursaanbeveling as 'n besluit van die Raad aanvaar word.

4.2 **VOURWERKE VERTONING: 31 DESEMBER 2020 / 1 JANUARIE 2021**

VERSLAG OPGESTEL DEUR - DIREKTEUR: BESTUURSDIENSTE

DOEL VAN VERSLAG

Om te besluit of die vuurwerke vertonings moet voortgaan al dan nie.

AGTERGROND

Daar was jaarliks goeie rede om voort te gaan met die toelaat van die vuurwerke, waarvan die belangrikste was dat dit bestuur en beheer kon word, wat met die impak van die pandemie nie meer die geval gaan wees nie.

Tydens 'n vergadering gehou op Donderdag, 5 November 2020 waar Raadslede, amptenare, ODM rampbestuur, SAPD, Struisbaai GPF en Struisbaai Buurtweg teenwoordig was, was die debat gevoer of vuurwerke hierdie jaar toegelaat gaan word of nie. Die grootste oorweging vir die debat was die COVID-19 regulasies en die risiko wat die pandemie op die onderskeie gemeenskappe kan hê.

Wat die regulasies betref word die volgende voorgeskryf in artikel 69 van die Disaster Management Act:

Alert level 1 -

"Gatherings

69. (1) *Every person, when attending a gathering and in order to limit exposure to COVID-19 must -*
- (a) *wear a face mask;*
 - (b) *adhere to all health protocols;*
 - (c) *maintain a distance of least one and a half metres from each other; and*
 - (d) *adhere to any other health protocols and social distancing measures as provided for in directions issued by the relevant Cabinet member after consultation with the Cabinet member responsible for health.*
- (4) *Gatherings at social events are limited to 250 persons or less in case of an indoor gathering and 500 persons or less in case of an outdoor gathering. Provided that no more than 50 percent of the capacity of the venue is used, with persons observing a distance of least one and a half metres from each other."*

Behalwe die getalle wat 'n probleem mag wees, is dit byna onmoontlik om die vereistes in terme van die regulasies tydens so 'n masiewe funksie te bestuur. Die risiko van verspreiding van die virus en die potensiële gevaar van massa infeksies in ons eie area en ook die verspreiding kan katastrofiese gevolge tot gevolg hê.

AANBEVELING: SEISOENSBEPLANNINGSKOMITEE

- (i) Dat die vuurwerke nie vanjaar toegelaat gaan word nie, weens die redes soos hierbo vermeld - Die komitee sal egter berus by die besluit van die Raad.
- (ii) Dat daar behoorlike kommunikasie na alle gemeenskappe geskied rakende die besluit.

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat vuurwerke nie vanjaar toegelaat word nie weens die groot potensiële impak wat die virus op verskeie gemeenskappe gaan hê.
- (ii) Dat die kommunikasie afdeling 'n kommunikasie strategie opstel om te verseker dat die gemeenskappe ingelig word dat vuurwerke nie vanjaar gaan plaasvind nie.

BESLUIT 190/2020

Dat die bestuursaanbeveling as 'n besluit van die Raad aanvaar word.

4.3 **STRANDDOORDE: IMPAK VAN COVID-19 REGULASIES**

VERSLAG OPGESTEL DEUR - DIREKTEUR: BESTUURSDIENSTE

DOEL VAN VERSLAG

Om die Raad te adviseer rakende die impak van Covid-19 regulasies op strandoorde.

AGTERGROND

Wat die regulasies betref word die volgende voorgeskryf in artikel 69 van die Disaster Management Act:

Alert level 1 -

“Gatherings

69. (1) *Every person, when attending a gathering and in order to limit exposure to COVID-19 must -*
- (a) *wear a face mask;*
 - (b) *adhere to all health protocols;*
 - (c) *maintain a distance of least one and a half metres from each other; and*
 - (d) *adhere to any other health protocols and social distancing measures as provided for in directions issued by the relevant Cabinet member after consultation with the Cabinet member responsible for health.*
- (4) *Gatherings at social events are limited to 250 persons or less in case of an indoor gathering and 500 persons or less in case of an outdoor gathering. Provided that no more than 50 percent of the capacity of the venue is used, with persons observing a distance of least one and a half metres from each other.*
- (12) *Gatherings at the following places are allowed, subject to the limitations as set out below -*
- (a) *restaurants, subject to strict adherence to directions on the times of operation, the number of persons, health protocols and social distancing measures, as provided for in the directions that must be issued by the relevant Cabinet member, after consultation with the Cabinet member responsible for health;*

- (b) *bars, taverns, shebeens, and similar establishments subject to a restriction on the number of guests allowed in the venue to not more than 50 percent of the capacity of the venue, with guests observing a distance of least one and a half metres from each other; and*
- (c) *hotels, lodges, bed and breakfasts, timeshare facilities, **resorts** and guest houses subject to a restriction on the number of persons allowed in the hotel, lodge, bed and breakfast, timeshare facility, resort or guest house **to not more than 50 percent of the capacity of the venue, with patrons observing a distance of least one and a half metres from each other.***

Dit is dus baie duidelik dat die Disaster Management Act voorskryf dat die getal mense beperk word tot 'n maksimum van 50% van die kapasiteit om die risiko van sosiale distansiëring en die verspreiding van die virus te beperk. Alhoewel dit 'n negatiewe finansële implikasie vir die Raad gaan hê, kan die wetgewing nie geïgnoreer word nie. Die kriteria wat gebruik gaan word is dat die eerste 50% van besoekers wat betaal het hul plek gaan behou.

Verder sal alle Covid-19 protokols geïmplementeer word, wat die volgende sal behels:

1. Toegang tot die oorde sal beheer word deur die temperatuur te meet en die die standaard siftingsvorm (screening) vorm te voltooi vir die publiek, veral met aankoms.
2. Saniteringsproei sal ook by die beampte wees wat die "screening" doen.
3. Indien temperatuur bokant 37.8°C gemeet word en/of simptome van Covid-19 aangedui word, sal so 'n besoeker nie toegelaat word tot die oord nie.
4. Die dra van 'n masker sal verpligtend wees.
5. "Chalets" sal voor en na elke bespreking gesaniteer word.
6. Pamflette met Covid-19 regulasies sal beskikbaar wees en sal onder andere aandui dat kampeerdere self vir verantwoordelikheid sal aanvaar vir hulle eie veiligheid asook die handhawing van saniteringsprotokol.
7. Saniteringsproei sal beskikbaar wees by alle ablusie fasiliteite en sal een keer per dag skoongemaak word.

WETGEWENDE IMPLIKASIES

Disaster Management Act, 57 of 2002

FINANSIËLE IMPLIKASIE

In terme van die "Disaster Management Regulations" kan oorde met tot slegs 50% van hul kapasiteit gevul word.

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat die Raad kennis neem van die toepassing van die Covid-19 regulasies en die gevolglike finansiële implikasie.
- (ii) Dat die eerste 50% van besoekers wat betaal het hul staanplekke gaan behou.

BESLUIT 191/2020

- (i) Dat die bestuursaanbeveling as 'n besluit van die Raad aanvaar word.
- (ii) Dat die kommunikasie afdeling 'n kommunikasie strategie opstel om te verseker dat die gemeenskappe ingelig word aangaande die regulasies by strandoorde.

4.4 WAYLEAVE POLICY FOR FIBRE INFRASTRUCTURE IN CAPE AGULHAS MUNICIPALITY**REPORT BY - DIRECTOR: INFRASTRUCTURE SERVICES****PURPOSE OF REPORT**

Council's consideration of a Wayleave Policy for the installation of Fibre Infrastructure in Cape Agulhas municipal area.

BACKGROUND

Numerous applications were received from private institutions to install fibre infrastructure in road reserves within the Cape Agulhas municipal area.

A wayleave policy is needed to manage the approval of wayleaves and the installation of infrastructure.

A draft policy is attached **as annexure** for consideration and approval.

FINANCIAL IMPLICATIONS

None.

PERSONNEL IMPLICATIONS

Internal personnel to evaluate and approve applications in terms of the policy.

MANAGEMENT RECOMMENDATION

That Council accepts and approves the Cape Agulhas Municipality Wayleave Policy for Fibre Infrastructure.

RESOLUTION 192/2020

That the management recommendation be accepted as a resolution of Council.

Hierna verdaag die vergadering om 10:46

BEKRAGTIG op hierdie

dag van

2020

SPEAKER

DATUM: